

**Vrydag 2 Oktober**

**Skrifgedeelte: Habakuk 1:5-11**

**Fokusgedeelte: Habakuk 1:5-11**

### **Die groter prentjie bevestig dat God regeer**

**H**abakuk bly roep, en 'n mens verwag eintlik dat die Here se antwoord vrede en rustigheid gaan bring, want Hy is mos aan ons kant. En tog is die teendeel waar. Dit gaan erger word. God gaan die Galdeërs, beter bekend as die Babiloniërs, oproep om Juda aan te val. "As die wet van die Here magteloos word, dan moet die wetteloosheid magtig word (CFC Coetzee)."

So wat gebeur hier? Is dit God se manier om mense te karnuffel totdat hulle Hom aanbid? O nee. Wat hier gebeur, is dat die jaloerse God wat ook die tweede gebod gegee het, sy woord hou. Hy het sy kinders van die begin gewaarsku dat as hulle nie sy gebooi hou nie, en Hom alleen nie aanbid nie, Hy hulle sal verstrooi oor die aarde.

Wat hier gebeur, is dat God hulle 'n kykie in die groter prentjie van sy heerskappy gee. Hierdie volk wat hulle kom aanval, is "voorspoedig" in alles, maar hulle eie mag het hulle god geword. Dit kon Israel se voorland gewees het. Tog kan Babel nie maar maak wat hulle wil nie, want God gebruik hulle om sy wil uit te voer. Hy plaas sy volk weer in 'n situasie waar hulle besef dat die Koninkryk nie oor hulle voorspoed gaan nie, maar oor die eer van Koning!

Kyk bietjie om jou. Hoe lyk die omstandighede? Erken jy dat God soewerein in beheer is en is jou oë heelyd op Hom as Koning gerig? Want hiervoor is Jesus Christus deur die Vader gestuur sodat ons kan onthou dat God as Koning regeer. Maar Hy stuur ons ook om juis in tye soos hierdie van sy Koningskap te getuig (Joh. 17).

*Sing: Psalm 73-1:1, 9, 10*

*Ds. HV Venter (Henning) (Windhoek)*